# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 6

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie.



Vraag 17: Waarom moet h [illegible] elfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die [illegible] n sy Godheid die las van die toorn van God aan sy [illegible] eid te kon dra en vir ons die geregtigheid en die lew [illegible] n verwerf en teruggee.

Vraag 18: Wie is h [illegible] Middelaar wat terselfdertyd ware God en wa [illegible] erdige mens is?

Antwoord: Ons Here Jesus Chr [illegible] at God vir ons tot wysh [illegible] geregtigheid, heiligmak [illegible] volkome [illegible] het.

Vraag 19: V [illegible]

[illegible] elf [illegible] Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal.

Jesaja 53:4-5: Nogtans, ons siektes, Hy het dit gedra, en ons smarte, Hy het dit op Hom gelaai. Maar ons het Hom beskou as iemand wat gekasty word, geslaan deur God, en verneder. Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing.

Jeremia 33:15: “In daardie dae en in daardie tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat opskiet, en Hy sal doen wat reg en billik is in die land.

Esegiël 18:4: Kyk, alle lewens – aan My behoort dit. Soos die lewe van die seun, so ook die lewe van die vader – aan My behoort dit. Die persoon wat sonde doen, dié moet sterf.

Romeine 5:18: Daarom dan, soos daar deur die oortreding van een mens veroordeling oor alle mense gekom het, so het daar ook deur die een mens se gehoorsame optrede vir alle mense regverdiging tot die lewe gekom.

1 Korintiërs 15:21: Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens.

Hebreërs 2:14-16: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak, en sodat Hy hulle wat uit vrees vir die dood hulle lewe lank in slawerny verkeer het, kon bevry. Want Hy is vir seker nie oor engele besorg nie; inteendeel, Hy is oor Abraham se nageslag besorg.

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie.

Psalm 49:8: Een familielid kan nooit 'n ander vrykoop nie, hy kan nie aan God die losprys vir hom betaal nie,

Hebreërs 7:26-27: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is, wat, anders as die hoëpriesters, nie elke dag nodig het om eers ter wille van hulle eie sondes offers te bring, en daarna vir die volk nie. Want dit het Hy eens en vir altyd gedoen toe Hy Homself as 'n offer gebring het.

1 Petrus 3:18: Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring. Hy is wel liggaamlik doodgemaak, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid

Jesaja 9:5: Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Jesaja 63:3: Die kuip het Ek alleen getrap; van al die volke was daar niemand by My nie. In my toorn het Ek hulle aanhou trap, hulle fyngetrap in my woede. Hulle lewensbloed het op my klere gespat; my hele uitrusting het Ek besoedel.

Romeine 1:4: aangaande sy Seun – wat na die liggaam uit die nageslag van Dawid gebore is,

Hebreërs 1:3: Hy is die uitstraling van God se heerlikheid,en die ewebeeld van sy wese. Hy hou alles in stand deur sy magtige woord; en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die majesteit in die hoogtes.

## Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 6

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God

Deuteronomium 4:24: want die HERE julle God is 'n verterende vuur; Hy is 'n besitlike God.

Psalm 130:3: As U sondeskuld toereken, HERE – my Heer, wie kan dan staande bly?

Nahum 1:6: Wie kan staande bly voor sy verontwaardiging, wie kan sy brandende toorn weerstaan? Wanneer sy woede uitbars soos vuur, spat rotse voor Hom uiteen.

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kon dra

Jesaja 53:4: Nogtans, ons siektes, Hy het dit gedra, en ons smarte, Hy het dit op Hom gelaai. Maar ons het Hom beskou as iemand wat gekasty word, geslaan deur God, en verneder.

Jesaja 53:11: Ná die swaarkry wat Hy beleef het, sal Hy sien; Hy sal versadig wees aan sy kennis. “My Dienskneg sal Hom as 'n regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 6

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kon dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.

Jesaja 53:5: Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing.

Jesaja 53:11: Ná die swaarkry wat Hy beleef het, sal Hy sien; Hy sal versadig wees aan sy kennis. “My Dienskneg sal Hom as 'n regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai.

Jesaja 54:8: In 'n opwelling van grimmigheid het Ek my gesig 'n oomblik lank vir jou verberg; maar in ewige troue liefde ontferm Ek My oor jou, het jou losser, die HERE, gesê.

Johannes 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Handelinge 20:28: Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg.

1 Petrus 3:18: Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring. Hy is wel liggaamlik doodgemaak, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

## Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 6

**Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God**

Jesaja 9:6: Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Jeremia 23:6: In sy dae sal Juda verlos word, en Israel sal veilig woon. En dit sal sy naam wees wat Hy genoem word, 'Die HERE is ons geregtigheid.' "

Maleagi 3:1: "Kyk, Ek gaan my boodskapper stuur en hy sal 'n pad voor My gereedmaak. Onverwags sal hy na sy tempel kom, die heer na wie julle soek, die boodskapper van die verbond na wie julle uitsien. Kyk, hy gaan kom," sê die HERE, Heerser oor alle magte.

Romeine 8:3: Dit waartoe die wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie, het God gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die gestalte van 'n sondige mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel,

Romeine 9:5: aan hulle behoort die voorvaders, en uit hulle het ook die Christus as mens gekom – Hy wat God bo alles is, lofwaardig vir ewig! Amen.

Galasiërs 4:4: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

1 Johannes 5:20: En ons weet dat die Seun van God gekom het, en aan ons verstand gegee het sodat ons die Waaragtige kan ken, en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe.

## Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 6**

**Vraag 18:** Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware (mens)

Lukas 1:42: en het hardop uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue! Geseënd is die vrug van jou moederskoot!

Lukas 2:6-7: Terwyl hulle daar was, het die tyd aangebreek dat haar kind gebore moes word, en sy het geboorte geskenk aan haar eerste kind, 'n seun. Sy het Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar nie vir hulle plek in die herberg was nie.

Romeine 1:3: aangaande sy Seun – wat na die liggaam uit die nageslag  van Dawid gebore is,

Romeine 9:5: aan hulle behoort die voorvaders, en uit hulle het ook die Christus as mens gekom – Hy wat God bo alles is, lofwaardig vir ewig! Amen.

Filippense 2:7: maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het,

Hebreërs 2:14: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak,

Hebreërs 2:16-17:  Want Hy is vir seker nie oor engele besorg nie; inteendeel, Hy is oor Abraham se nageslag besorg. Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes.

Hebreërs 4:15: Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 6

**Vraag 18:** Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?

Jesaja 53:9: Hulle het vir Hom sy graf by goddeloses gegee,en by 'n ryke was Hy in sy dood, alhoewel Hy nie geweld gepleeg het, en bedrog nie in sy mond was nie.

Jesaja 53:11: Ná die swaarkry wat Hy beleef het, sal Hy sien; Hy sal versadig wees aan sy kennis. “My Dienskneg sal Hom as 'n regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai.

Jeremia 23:5: “Kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer Ek vir Dawid 'n regverdige Loot sal laat opkom. Hy sal as koning regeer en verstandig optree; Hy sal in die land reg en geregtigheid handhaaf.

Lukas 1:35: Die engel het haar geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Kind wat gebore word, heilig wees; Hy sal Seun van God genoem word.

Johannes 8:46: Wie van julle kan sonde by My uitwys? As Ek die waarheid praat, waarom glo julle My nie?

Hebreërs 4:15: Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het.

Hebreërs 7:26: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is,

1 Petrus 1:19: maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.

1 Petrus 2:22: Hy wat “nie sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie”;

1 Petrus 3:18: Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring. Hy is wel liggaamlik doodgemaak, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

## Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 6**

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus

Matteus 1:23: “Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem”

Lukas 2:11: Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here.

Johannes 1:1: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Johannes 1:14: En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid.

Johannes 1:18: Niemand het God nog ooit gesien nie; die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend kom maak.

Johannes 14:6: Jesus sê vir hom: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Romeine 9:5: aan hulle behoort die voorvaders, en uit hulle het ook die Christus as mens gekom – Hy wat God bo alles is, lofwaardig vir ewig! Amen.

1 Timoteus 2:5: Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus,

1 Timoteus 3:16: En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot: Hy is geopenbaar in 'n menslike liggaam, regverdig bewys deur die Gees, gesien deur die engele,verkondig onder die nasies, geglo in die wêreld, opgeneem in heerlikheid.

Hebreërs 2:9: Maar ons sien Jesus, met heerlikheid en eer gekroon, Hy wat deur sy lyding tot in die dood vir 'n kort rukkie minder as die engele gemaak is, sodat Hy, deur God se genade, ter wille van almal die dood sou ervaar.

# Heidelbergse Kategismus

**Sondag: 6**

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.

1 Korintiërs 1:30: Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding.

2 Korintiërs 5:21: Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kon word.

## Heidelbergse Kategismus

Sondag: 6



Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het.

Genesis 3:15: Vyandskap sal Ek tussen jou en die vrou stel, en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop aanval, en jy sal sy hakskeen aanval.”

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders

Genesis 12:3: Ek sal hulle seën wat jou seën, maar wie jou verwens, sal Ek vervloek. En deur jou sal al die grootfamilies van die aarde geseënd wees.”

Genesis 22:18: Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag, omdat jy na my stem geluister het.”

Genesis 26:4: Ek sal jou nageslag so talryk maak soos die sterre aan die hemelruim, en aan jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee. Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag,

Genesis 49:10: Die septer sal nie van Juda wyk nie, ook nie die heerserstaf tussen sy voete nie, totdat Hy aan wie dit behoort, kom, en volke aan Hom gehoorsaam is.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete

Jesaja 42:1-4: Kyk, hier is my Dienskneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my binneste vreugde vind. Ek het my Gees op Hom laat kom; Hy sal reg vir die nasies laat deurbreek. Hy sal nie om hulp roep en nie uitroep nie. Hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie. 'n Geknakte riet sal Hy nie afbreek nie, 'n dowwe lamppit sal Hy nie uitdoof nie; in getrouheid sal Hy reg laat deurbreek. Hy sal nie weifel en nie geknak word nie, totdat Hy reg op die aarde gevestig het; op sy lering wag die eilande."

Jesaja 43:25; Ek, ja, Ek is die Een wat ter wille van Myself jou oortredings telkens uitgewis het, jou sondes nie in herinnering geroep het nie.

Jesaja 49:5-6; Maar nou, die HERE het gepraat – Hy wat My in die moederskoot al gevorm het as 'n Dienskneg vir om – sodat Ek Jakob na Hom kan terugbring, sodat Israel vir Hom byeengebring kan word. In die oë van die HERE word Ek geëer; my God het my krag geword. Hy het gesê: "Dit is nie genoeg dat Jy vir My 'n Dienskneg is om die stamme van Jakob op te rig nie, om dié wat bewaar gebly het van Israel, te laat terugkeer nie. Ek gee Jou as 'n lig vir nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde."

Jesaja 49:22: So sê my Heer, die HERE: "Kyk, Ek sal na die nasies my hand ophef, na die volke my banier omhoog hou. Hulle sal jou seuns bring in die vou van die kleed, en jou dogters op die skouer dra.

Jesaja 53.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete

Jeremia 23:5-6: Kyk, daar kom dae," is die uitspraak van die HERE, "wanneer Ek vir Dawid 'n regverdige Loot sal laat opkom. Hy sal as koning regeer en verstandig optree; Hy sal in die land reg en geregtigheid handhaaf. In sy dae sal Juda verlos word, en Israel sal veilig woon. En dit sal sy naam wees wat Hy genoem word, 'Die HERE is ons geregtigheid.' "

Jeremia 31:32-33: Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorouers gesluit het die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle self verbreek het, al was Ek Heer oor hulle," is die uitspraak van die HERE. "Nee, dít is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit," is die uitspraak van die HERE: "Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees

Jeremia 32:39-41: Ek sal aan hulle eensgesinde harte gee en een pad, sodat hulle altyd vir My ontsag sal hê, tot hulle eie beswil en dié van hulle kinders ná hulle. Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: Ek sal My nooit daarvan weerhou om aan hulle goed te doen nie, en Ek sal ontsag vir My in hulle harte gee, sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie. Ek sal My daarin verheug om aan hulle goed te doen. Ek sal hulle in getrouheid, met my hele hart en siel, in hierdie land plant.

Miga 7:18-20: Wie is 'n God soos U? U is 'n God wat skuld vergewe, wat by die oortreding verbygaan tot voordeel van die oorblyfsel van sy eiendom, wat nie vir altyd vasklem aan sy toorn nie, maar wat vreugde vind in troue liefde, wat ons weer genadig sal wees, ons skuld sal vertrap. U sal al ons sondes in die dieptes van die see gooi. U sal aan Jakob trou bewys, aan Abraham die troue liefde wat U aan ons voorouers met 'n eed beloof het in die voortyd.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete

Johannes 5:46: As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het; hy het tog oor My geskryf.

Handelinge 3:22-24: Moses het immers gesê, ‘Die Here julle God sal vir julle net so 'n profeet soos ek uit julle broers laat opstaan. Na Hom moet julle luister, na alles wat Hy vir julle sê. Elkeen wat nie na daardie profeet luister nie, sal onder die volk uitgedelg word.’ Ook al die profete wat sedert Samuel en sy opvolgers geprofeteer het, het hierdie dae aangekondig.

Handelinge 10:43: Oor Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, deur sy Naam vergewing van sondes ontvang.”

Romeine 1:2: wat Hy reeds tevore deur sy profete in die heilige Skrifte beloof het

Hebreërs 1:1: In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld

Johannes 5:46: As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het; hy het tog oor My geskryf.

Kolossense 2:7: in Hom is julle gewortel en in Hom word julle opgebou en versterk in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid.

Hebreërs 10:1: Die wet bevat immers net 'n afskaduwing van die toekomstige goeie dinge, nie 'n presiese weergawe daarvan nie. Daarom kan dit nooit deur dieselfde offers, wat onophoudelik jaar ná jaar gebring word, diegene wat kom aanbid, tot volmaaktheid bring nie.

Hebreërs 10:7: Toe het Ek gesê, 'Kyk, hier is Ek om u wil te doen, o God! Dit is in die boekrol oor My geskryf.' " Eers sê Hy hierbo,

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.

Romeine 10:4: Die einddoel van die wet is immers Christus, tot regverdiging van elkeen wat glo.

Galasiërs 3:24: Die wet was dus ons oppasser, met die oog op Christus, sodat ons deur geloof geregverdig kon word.

Galasiërs 4:4-5: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy kinders aangeneem kon word.

Kolossense 2:17: Hierdie dinge is net 'n voorafskaduwing van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus.

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie.

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kon dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 6

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal1. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie2.

1 Jesaja 53:4-5; Jeremia 33:15; Esegiël 18:4; Esegiël 18:20; Romeine 5:18; 1 Korintiërs 15:21; Hebreërs 2:14-16

2 Psalm 49:8; Hebreërs 7:26-27; 1 Petrus 3:18

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid1 die las van die toorn van God2 aan sy mensheid te kon dra3 en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee4.

1 Jesaja 9:5; Jesaja 63:3; Romeine 1:4; Hebreërs 1:3

2 Deuteronomium 4:24; Psalm 130:3; Nahum 1:6

3 Jesaja 53:4; Jesaja 53:11

4 Jesaja 53:5; Jesaja 53:11; Jesaja 54:8; Johannes 3:16; Handelinge 20:28; 1 Petrus 3:18

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God1 en ware2 regverdige mens is3?

1 Jesaja 9:6; Jeremia 23:6; Maleagi 3:1; Romeine 8:3; Romeine 9:5; Galasiërs 4:4; 1 Johannes 5:20

2 Lukas 1:42; Lukas 2:6-7; Romeine 1:3; Romeine 9:5; Filippense 2:7; Hebreërs 2:14; Hebreërs 2:16-17; Hebreërs 4:15

3 Jesaja 53:9; Jesaja 53:11; Jeremia 23:5; Lukas 1:35; Johannes 8:46; Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26; 1 Petrus 1:19; 1 Petrus 2:22; 1 Petrus 3:18

Antwoord: Ons Here Jesus Christus4, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het5.

4 Matteus 1:23; Lukas 2:11; Johannes 1:1; Johannes 1:14; Johannes 1:18; Johannes 14:6; Romeine 9:5; 1 Timoteus 2:5; 1 Timoteus 3:16; Hebreërs 2:9

5 1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 5:21

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het1. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders2 en profete3 laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld4; Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul5.

1 Genesis 3:15

2 Genesis 12:3; Genesis 22:18; Genesis 26:4; Genesis 49:10

3 Jesaja 42:1-4; Jesaja 43:25; Jesaja 49:5-6; Jesaja 49:22; Jesaja 53; Jeremia 23:5-6; Jeremia 31:32-33; Jeremia 32:39-41; Miga 7:18-20; Johannes 5:46; Handelinge 3:22-24; Handelinge 10:43; Romeine 1:2; Hebreërs 1:1

4 Johannes 5:46; Kolossense 2:7; Hebreërs 10:1; Hebreërs 10:7

5 Romeine 10:4; Galasiërs 3:24; Galasiërs 4:4-5; Kolossense 2:17